DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

5 Augustus 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Sb. 9-1: 1, 7, 11 (26)	Sing vooraf	Ps. 4: 1, 2
Sing	Ps. 33: 1, 2	Sing	Ps. 95: 1, 2
	Ps. 130: 2, 4		Ps. 102: 1, 5
	Ps. 119: 4, 5		Sb. 14-3: 1, 4 (53)
	Ps. 34: 6, 7		
Skriflesing	Efesiërs 5:15-21, 6:1-4 2 Timoteus 3:1-5 HK Sondag 39	Skriflesing	Rigters 2:11 - 3:6
Teks	Efesiërs 6:1-3	Teks	Rigters 2:20-22
Tema	**In 'n huis waar Christus Koning is, laat kinders hulle deur die Heilige Gees lei**	Tema	**'n Gelowige se ontrou word die Here se instrument om hom te beproef**
Katkisasie-opening: Psalm 84: 1, 2			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Bybelstudie vir mamma's: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal (met nagmaal) uitgegee word. Nuwe advertensies of veranderinge aan bestaande advertensies moet asseblief voor **Dinsdag, 21 Augustus** om **09h00** gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

DOOP

Die Sakrament van die Heilige Doop word vanoggend in Rondebosch bedien aan Alana, die dogtertjie van br. Bernard en sr. René Botha.

GELUKWENSING

Ons dank God vir die genade van 'n nuwe kleinkind vir br. Willie en sr. Alta Swanepoel.

KATKISASIE

Aangesien dit 'n skool langnaweek is, is daar volgende Sondag geen katkisasie klasse nie.

LEWENDE STENE & ROTSE

Die hoërskool leerders en studente kom DV vanaand vanaf 19h45 tot 21h00 bymekaar in Bellville-Oos gemeente se kerkgebou. Prediker 9 word behandel in bybelstudie.
Kontakpersoon: sr. Carolien Meijering

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Wessel Hoffman wat by sy dogter aansterk na die operasie
- Br. Berend Meijering wie se suster ernstig siek is en tans by hulle tuisgaan.

Sr. Beatie Roos is die afgelope week oorlede. Mag die Here vir sr. Magda Roos en die res van die familie ryklik vertroos.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: For the RCSS vote in overwhelming favor of taking the next step toward establishment
Prayer: For more enthusiasm and opportunities to do Gospel outreach in the southern suburbs

OMGEWINGSAKE

Om die tydsame proses van omgewingsvooruitgang te bespoedig, moet ons as redelike skepsels van God - van klein tot groot deurlopend - dinamies betrokke raak by omgewingkwessies. As 'n span moet ons as kerk ook met sorgsaamheid 'n bewaringsbewuste gedrag en gesindheid deur prediking kweek. Ons is deel van 'n wêrelddeel met meer armes as rykes, wat elk afsonderlike eise aan die omgewing en die ekonomie stel. Die massas het nie geleer hoe belangrik 'n omgewing is wat basiese behoeftes bevredig nie. Dus beplan met verdraagsaamheid maar met 'n wil om 'n wankelende omgewing te koester. Dan kan die skynbaar onmoontlike tog moontlik word.

Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. ***Matteus 9:12***

VGK LOFSANGAAND

Die Vrye Gereformeerde Kerk nooi u hartlik uit na die lofsangaand tot eer van die Here, wat DV **Saterdag, 18 Augustus 2018** gehou word. Dit vind plaas in hulle kerkgebou van 19h30 tot 20h45. 'n Orkes van omtrent 16 musikante, onder leiding van Carike Bijker, sal die samesang begelei. Kom loof die Heer se Naam saam met sy kinders!
Kontakpersoon: Anneke Luijk

REFORMASIE KONFERENSIE 2018

Die Reformasie Konferensie 2018 vind op **Dinsdag, 21 Augustus om 19h00** plaas in ons kerkgebou. Die tema van vanjaar se konferensie is: **Die Hele Dordt – ’n volle 400 jaar**. Die sprekers en onderwerpe tydens die geleentheid is soos volg:

- Dr. Victor d’Assonville – In die huis van God die Woord van God (Dordrecht en die Skrif)
- Dr. Erik van Alten - Tulp, vyf blommetjies, of die volle ruiker? (Dordrecht en die Belydenis)
- Dr. Gerard Meijer - Welvoeglik en ordelik (Dordrecht en die Kerkorde)
- Ds. Peet Coetzee – “Om Gereformeerd te blijven” – 1859 ’n terugkeer in leer, diens en tug na Dordt 1618/1619

Om te help om die kostes vir die sprekers te dek, sal daar ’n kollekte aan die einde van die konferensie by die deure ingevorder word.

3. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Istelle Costerus**, Laetitia Jacobsz, Judy Löttering, Veronica Meyer, Anneliese Smit, Elmarie Swart, Lize-Marie Swart, Lita van Rensburg
Volgende Sondag: *geen tee/koffie*

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Cobus du Plessis, Pieter van Niekerk, Albert Mulder, **Piet Reyneke**
Volgende week: Brs. Tommie Venter, Reinard Visser, Jeanré Taljaard, Dewald Costerus

Ouderlinge
Vandag: Brs. Adriaan Louw, Jaco Cilliers, Gustaaf Costerus, Ben Groot
Volgende week: Brs. Ben van der Walt, Daan Joubert, André Coetzee, Freddie Scheepers

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Ruhan Coetzee, Ferdinand Hoffman
Volgende week: Brs. Llen Labuschagne, Marten Daling

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Ouetehuise in kerkverband	Skiereiland vir Christus
By die deure:	Kerklike Tydskrifte	Deputate Jeugsorg

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Augustus: 13/08 Durbanville 2, 27/08 Stellenryk
September: 03/09 Oak Glen, 17/09 Goedemoed
Oktober: 15/10 Chrismar, 29/10 Langeberg Ridge

NAGMAAL

Ons gemeente vier DV **Sondag, 26 Augustus** tydens die oggenderediens die sakrament van die Heilige Nagmaal. Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie ‘n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan ‘n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus ‘n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so ‘n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die

leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie. Alle aansoeke om saam met ons Nagmaal te vier, moet voor die kerkraad dien. Dit is verkieslik dat hierdie aansoeke skriftelik moet wees en dat die aanbevelings ook skriftelik moet wees. By wyse van buitengewone uitsondering, kan telefoniese bevestiging van die kerk waar sodanige nie-lidmate vandaan kom, aanvaar word.

Aansoeke om Nagmaal saam met ons te vier, moet asseblief voor of tydens die kerkraads-vergadering **Woensdag, 22 Augustus**, wat die nagmaal voorafgaan, ingedien wees.

VERGADERINGS
Skiereiland vir Christus
Volgende Sondag na die aanderediens in die konsistorie

VERKIESING
Br. Attie Juyn is verkies as ouderling

5. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **sr. Marie Rossouw** gelukwens met haar **88ste** verjaarsdag!

Vandag	Sr. Elly den Haan Br. Piet Reyneke
06/08	Sr. Marie Rossouw
07/08	Sr. Michelle de Witt
08/08	Br. Hannes van Niekerk
10/08	Sr. Adri du Plessis Anri Janse van Rensburg (11 jaar)
11/08	Sr. Yolandi Taljaard

Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.
Efesiërs 1:14

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Dinsdag** om **09h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za